



Uit Piet se Pen....

Op Kranspoort gaan dit nog goed. Vir die eienaars wat nie so bevoorreg soos ons is om hier te kan wees nie, wil ons sê, dit gaan goed met ons hier in hierdie pragtige plek van ons.

Kranspoorters gehoorsaam die noodregulasies na behore, in stilte en in vrede. Baie dankie daarvoor Kranspoorters.

Op instandhoudingsterrein kan ons ook rapporteer dat daar spesiale permitte uitgereik is, waarvolgens noodinstandhoudingswerk verrig word en dat daar nog steeds baie goed na ons gesamentlike eiendom omgesien word.

Kranspoortdam loop steeds oor en ons watersuiwering lewer baie bevredigende kwaliteit water.

Addisionele kameras is by ons waterwerke aangebring vir beveiliging en monitering.

Aandag sal weer aan ons paaie se instandhouding gegee word na die verpligte inperkingsperiode.

Daar het 'n waterlek ontstaan binne in Kranspoort rylaan wat aandag sal ontvang wanneer ons werkers teruggekeer het. Die situasie word egter gemonitor.

Die trekker se volgende diens is oor 58 diensure.

Die bruin Cruiser is steeds in 'n goeie werkende toestand en bande het 40% loopvlak oor voor dit vervang moet word.

Die twee nuwe Isuzu bakkies word oordeelkundig aangewend met diensverskaffing in die dorpsgebied.

Uit Piet se pen vervolg op bladsy 7



Nuut op die rak

Dit is met trots dat die nuwe Kranspoort Bulletin hierdie maand die lig sien. Die tweemaandelikse nuusbrieff poog om interessante, onpartydige en goeie kwaliteit artikels en rubrieke sal publiseer. Die bulletin sal voor-lopig slegs elektronies beskikbaar wees.

Die doel van die bulletin is 'n inligtings- en geselsblad, gelewer van en vir Kranspoort en sy mense, maar ook die geleentheid gegun word om deel te neem en hulle sê te sê.

Ons nooi dus die gemeenskap om enige van die Redaksielede te kontak met interessante inligting, vrae of advertensies.

Redaksie

Algemene Jaarvergadering

Die jaarlike Algemene Dorpsvergadering het op 22 Februarie in die Raasblaarsaal plaasgevind. 155 Eienaars het die vergadering bygewoon en was verteenwoordig deur 'n gevolmagtigde.

Tydens die vergadering is belangrike Dorpsaangeleenthede bespreek.

(Lees meer op Bladsy 2)

In tye van Korona – Virus nood. Ds Jaco van Rooyen

Die hele wêreld is in rep en roer oor COVID – 19, want dit het die grootste invloed op die mensdom sedert die tweede wêreldoorlog. Maatreëls is afgekondig om die virus se verspreiding te bekamp en toe word dit verskerp en ons almal word beveel om tuis te bly.

In hierdie uitgawe

Feb 2020 AJV	Bl.1
Direkteure 2020	Bl.2
In die natuur	Bl.3
Koronavirus	Bl.4
Kampvuurstories	Bl.6
Laaste woord	Bl.8

Wenfoto geneem deur Ellen de Jager. (bl.8)

Die alternatief, naamlik om aan te gaan asof niks gebeur het nie, is te verskriklik om eers te bedink.

Verslae moes ons luister hoe die toesluit van die land aangekondig word. Almal het seker amper paniekerig begin wonder wat hiervan, wat daarvan, hoe hiermee gemaak en so onseker voort.

As jy ook so voel, weet jy wat in die hart van die digter geleef het toe hy Psalm 130 gebid het: "Uit die dieptes roep ek na U, Here" Ons weet nie wat die oorsaak van sy ellende was nie, en dit is ook goed so, want nou kan ons elkeen met ons eie nood hierdie gebed van Psalm 130 bid. Wat in ons land en die wêreld gebeur maak ons almal baie bekommerd en moedeloos oor die toekoms.

Maar die wonderlike van kind-van-God-wees is : dat jy met jou nood na Hom toe kan vlug. Nie dat jy vrypostig op Sy hulp aanspraak kan maak, of dat jy enige regte het waarop jy voor God kan staan en sy hulp eis nie. Ons is immers almal sondaars, maar ons hou soos die digter vas aan God se vergifnis, en dat God se genade groter is as ons sondigheid.

Die Evangelie, die goeie nuus, van God se betrokkenheid by ons is : dat Hy 'n God is van vergifnis, oovloedige genade, troue liefde en nabyheid. Daarom het Hy mens geword en onder ons kom woon, omdat Hy verstaan en ons kan help.

Sterkte.
Ds Jaco.

Geagte Redaksie

Laat my toe om julle eerstens baie geluk te wens met hierdie pragtige inisiatief. Dit is gemeenskapsaksies soos hierdie wat Kranspoort nog altyd laat uitstaan het as 'n besonderse plek vir ieder en elk wat hier woon, of selfs net hier kom kuier.

Hierdie is nie 'n mondstuk van die direksie of bestuur nie en is in teendeel, onafhanklike beriggewing met baie hoë doelwitte en waardes. Soos ons almal reeds in hierdie spesiale eerste uitgawe kan sien, is dit die gemeenskap wat op 'n eerlike, gebalanseerde, akkurate en onpartydige wyse praat en hulself bekendstel deur 'n geskrewe medium soos hierdie. Dit is opbouend, positief en waardetoevoegend.

Dit is presies wat ons almal nou nodig het en ek glo en vertrou dat hierdie Kranspoort Bulletin lank gaan voortbestaan en dat daar altyd volkome ondersteuning van almal in Kranspoort, hiervoor gaan wees. Ek is seker ons gaan altyd met groot afwagting uitsien na die volgende uitgawe.

Dankie dat julle ons almal trots maak met julle ywer en positiewe gesindheid.

Piet Valks

Kranspoort kry nuwe werktuie....

Daar is onlangs twee nuwe Isuzu bakkies aangekoop. Die wit Cruiser en Mahindra is van die hand gesit om plek te maak vir hierdie 2X4 en 4X4 voertuie.

Algemene Jaarvergadering (vervolg van bl.1.)

Ontmoet Kranspoort Direkteure 2020.

Die volgende lede is deur die vergadering goedgekeur as Direkteure vir 2020:



**Voorsitter en
Direkteur Kommunikasie**
Piet Valks
pietvalks@gmail.com
083 413 6381



**Ondervoorsitter en
Direkteur Menslike
Hulpbronne en Tegniese
Dienste**
Rudi Kruger
rudi.reno@lantic.net
083 3256081



Direkteur Gholf
Wynand Pretorius
Wynand.pretorius70@gmail.com
083 2794272



Direkteur Wild en Omgewing
David vd Walt
dvdw02@gmail.com
082 851 8165



**Direkteur Finansies
Dries Lategan**
dries3.lategan@gmail.com
m
082 4525171



Direkteur Bates
Willem Bruwer
2wbruwer@vodamail.co.za
082 5675013



Direkteur Sekuriteit en OHS
Ferdie Potgieter
Ferdie.potgieter55@gmail.com
083 2583781



**Direkteur Korporatiewe
Bestuur**
Johan Cross
jjcross64@gmail.com
083 7090227

KP Sekuriteit.

Met die toename in inbrake en diefstalle in en om die dorp het dit noodsaaklik geword om daadwerklik aksie te neem.

'n Gemeenskapsaksie onder leiding van Johan Botha is steeds aktief. Ons spreek waardering uit aan al die mense wat so getrou werk om Kranspoort veilig te hou.

Die ondersteunende sekuriteitsmaatskappy wat die hoofek beman is in Maart vervang deur 'n nuut aangewese maatskappy "Pentagon Sekuriteit".

Ontstaan van Advieskomitees

Gedurende die vergadering is aangekondig dat Advieskomitees vir alle portefeuljes ingestel sal word. Advieskomitees gaan van nou af 'n baie belangriker rol in Kranspoortbestuur speel.

'n Advieskomitee is 'n groep mense, gewoonlik vrywilligers, wat vergader met die doel om die leiers van 'n organisasie te adviseer rakende spesifieke strategieë en intervensies. Die rol van so 'n komitee is om probleme en uitdagings te identifiseer, ondersoek, bespreek en met oplossings en aanbevelings vorendag te kom.

Die voorsitter van advieskomitees kan eienaars en/of lede van KEK wees. Aanbevelings en voorstelle sal volgens 'n standaard sakeplanformaat aan direksie voorgelê word vir uitvoering.

Meer inligting hieroor in volgende uitgawes.

Uittreksel uit AJV Notule. 22 Februarie 2020.

Geldsake deur Dries

Te danke aan Kranspoortdorp se bewoners wat getrou elke maand hulle heffings betaal kan ons, ons dorp met al die verskeidenheid wild en pragtige natuurskoon nog veilig bedryf.

As gevolg van infrastruktuur wat besig is om te verouder sal ons binnekort die Toring- en Kareedamme moet opknop en die hoofpylyne begin vervang. Hiervoor sal ons fondse nou reeds moet begin voorsien.

Die Golfbaan bestuur is hard aan die werk om teen die einde van die finansiële jaar gelyk te breek en nie 'n verlies te toon nie.

Die watervoorsiening word tans teen 'n verlies bedryf. Planne om koste te besnoei asook 'n moontlike verhoging in water tariewe word ondersoek.

Lees meer hieroor op bladsy 7





uitwendige geraamte van 'n groot miskruier

In die natuur... Dis die klein dingetjies wat saakmaak.

Workoholic: heilige, nuttige, gevaarlike Miskruier

Met erkenning aan "Goggastories"

Deur Rentia Botha

By ons almal goed bekend as simbool vir opstanding, as simbool vir sonaanbidding op die Afrika-Kontinent, bekend as baie harde werker, as een van die nuttigste diertjies t.o.v. ons grond, maar ook as draer van gevaarlike siektes is: die miskruier....Wie van ons het nie al neergekniel en die tyd vergeet, terwyl jy hierdie doelige skepseltjies dopgehou en dalk 'n bietjie geterg het nie?!

Miskruiers kom in die hele Afrika voor, orals daar, waar diere en mense mis. Daar is grotes en kleintjies, daar is metaalglansendes en dowwes, groenes, bruines, koperkleuriges en swartes, "gewapendes" (met horing) en eenvoudiges, die verskeidenheid is baie groot .

Hulle behoort aan die familie Scarabidae en lewe van plantmateriaal (verrottend), mis, nectar en swamme (fungi).

As daar een dier is, wat kan werk, dan is dit die miskruier! So het dit dan ook sy werksgereedskap altyd byderhand:

Die graaf sit voor aan die kop.

Die hark is die getande voorbene.

Op die kop of borsstuk sit dikwels uitgroeisels soos horings of 'n vurk, waarmee die mis gestee, gesny of gestoot word.

Die misbolle wat hulle rol is slegs die voorstadium van die eindproduk. Hulle rol die misbol vorentoe deur dit kop onderstebo agtertoe te stoot. Die laaste paar bene is bo-op die bol gedurig besig om dit te draai (om die rotasie-as te verander) sodat dit koeëlronde word en die voorste paar bene druk die bal treetjie vir treetjie in die gewenste rigting...(probeer jy maar om die rigting te verander, jy sal dit nie maklik regkry nie!)

As daar twee miskruiers met een bol besig is, wil ene nie die ander help nie, nee, hy wil dit steel! So ontstaan daar dan "onder-onsies". Die bal word nie maklik weggegee nie. Die wener gaan voort met die bol en begrawe dit dan. Daar verander die wyfie die suiwer misbol in 'n broeikamer. Die wyfie sit die eiertjie (ek dink) op die misbol, die larwetjie vreet homself binne-in die bol, groei daar, word groter en groter, word papie en kruip as nuwe kewer in die volgende reënseisoen uit die bol en uit die grond.

Ratels hou van miskruierlarwes en grawe hulle uit; hulle is vet, proteïenryk en voedsaam. Van die inheemse bevolkingsgroepe hou ook baie van die larwes as voedsel, veral natuurlik diegene wat bees besit. Die rol wat miskruiers in die natuur speel, is regtig baie belangrik; hulle grawe in die boonste laag van die grond, belug dit daardeur, werk organiese materiaal in, verryk sodoende die grond as groeibodem vir plante.

Die organiese materiaal hou dan ook die vog beter as die anorganiese materiaal. Hulle "ruim op", verwyder mis, is so te sê die "Potty coach" (tenkwa wat die dreine leeggepomp het vroeër dae) in die natuur.

Miskruiers kan ook gevaarlik wees vir katte en honde (huis- en ander diertjies soos voëls, akkedisse, muise wat af en toe mis en/of goggas vreet), omdat hulle draers kan wees van die Spirocerca lupi, die "Silent killer worm". Om daaroor meer te lees, gaan in by Google: Spirocerosis - the silent killer of gaan by silent killer worm in dogs inBAIE INTERESSANT, SKRIKWEKKEND, GOED OM TE WEET, veral vir diegene wat klein kinders en huisdiere het (selfs in stedelike gebiede, nie net op die platteland nie.)



workoholic.....

...besig om ...

...bol...

...na gat

...te rol...


en daar te begrawe



How old would you be if you didn't know how old you are?

Satchel Paige

AZ QUOTES



BIOWAY MULTI INSECT & DUSTMITE KILLER.

Verkrygbaar by Elandsng 358 of skakel Ansie by 082 711 4510

Daar's 'n ssssslang in die gras

As gevolg van hul onbegrypende lewenswyse en gedrag en hul vermeende, maar dikwels oorskatte gifigheid, word alle slange dikwels deur talle mense gesien as gevaarlik, aggressief en dodelik.

Meeste slange wat in Kranspoort voorkom is egter skadeloos en vervul 'n uiters belangrike ekologiese funksie.



NOODMAATREËLS

IN GEVAL VAN 'N SLANGBYT

- 1 Hou die persoon kalm, beperk beweging en vervoer pasiënt sonder uitstel na 'n hospitaal.
- 2 Indien die persoon ophou asemhaal, pas mond-tot-mond asemhaling toe of maak gebruik van 'n ambusakkie (BVM).
- 3 Skakel die Gifinligtingsentrum by 0861 555 777 vir verdere advies.

MOET NIE


- ... 'n toerniket aanwend nie.
- ... sny of die gif probeer uitsuig nie.
- ... ys of warm water probeer nie.
- ... alkohol verskaf nie.
- ... elektriese skok toedien nie.
- ... teengif binnespiers inspuit nie.

Teengif (indien nodig) moet deur 'n mediese dokter in 'n hospitaal toegedien word.

"Die wat nadink oor die skoonheid van die aarde sal vir die res van hul lewe inspirasie daaruit put."

Pablo Casals

Koronavirus



Elsabe het met Kranspoorters gaan gesels oor hoe hulle die Inperkingstydperk beleef

En so tref die virus en inperking Suid Afrika.

Deur Elsabe Strydom

Natuurlik is Kranspoort ook daarby ingesluit en is ons almal nou tot ons huise en erwe ingeperk. Ons oefen in die sitkamer, maak huis skoon, bak en brou, lees boek, maak tuin en pak projekte aan wat lank reeds op die rak lê.

Ons besoek toe so paar Kranspoorters (per telefoon natuurlik) en vra hoe hulle die inperking en impak van die virus beleef.

Met dank gee ek dus erkenning aan die Kranspoorters wat hulle harte oopgemaak het om met ons hulle gedagtes oor hierdie omstrede onderwerp te deel: Steve van Rensburg, Trudie Labuschagne, Elise Potgieter, Marié Zimmerman, Dimitri de Waal, Drikus Oosthuizen, Lizelle vd Merwe, Hans Strydom, Reynette Snyman, Adelle van Zyl, Lood Lowies, Retha Potgieter, Lizelle van der Merwe en Renier de Lange.

Vraag: Wat dink jy van die paniek grootmaat aankope met die inperking aankondiging?

Reynette " Mense gaan oorboord"

Trudie " Ek dink dis belaglik, maar dis n ongewone situasie."

Marié " Ek dink dis onnodig en kan tot meer paniek ly, maar mens is maar mens"

Dimitri " Ek dink sommige mense is onkundig en onseker"

Drikus " Ek voel dis onnodig, want ons is nie n land met n voedselprobleem nie"

Vraag: Wat dink jy van die 21 dae inperking?

Elise " Dis baie drasties, maar nodig. Dis net jammer dat ons nie kan gaan stap nie"

Steve " Ek dink die afsondering is n baie goeie ding"

Drikus " Ek dink die regering het n baie dapper stap geneem en dis ook n goeie besluit om oorgrens beweging te beperk"

Dimitri " Ek voel positief daarvoor en almal moet net by die reëls hou"

Marié " Die stap is vir almal se beswil"

Vraag: Voel jy die koms van die virus (pandemie) het jou geestelik beïnvloed?

Trudie "Ek dink wat gebeur het, moet hanteer word."

Drikus "Ons moet na die groter prentjie kyk en ook beseft waar ons plekkie in die heelal is. Beseft ook hoe kwesbaar is jou bestaan."

Marié "Ek dink die Here bring ons weer nader aan mekaar en gaan ons dra deur hierdie moeilike tyd."

Dimitri "Dit maak ons weer nederig. Ek dink daar is n rede vir die pandemie"

Lizelle " Ons moet tot verhaal kom met ons lewens en besin oor wie en wat regtig belangrik is."

Hans "Ons moet ons koppe skoon kry en tot stilstand kom vir n wyle."

Elise " Ek dink dit bring huisgesinne en familie nader aan mekaar"

Adelle " Ek wil iets aanhaal wat ek by n prediker gehoor het" n Mens kan eerder verkeerd doen op jou pad na reg doen as wat jy niks doen nie" en dit laat my dink aan ons situasie"

Retha " Dit het my bewus gemaak van die gevare om ons en ek dink tog ons beweeg nader aan God en dra al ons geliefdes aan Hom op"

KRANSBLAAR GYM

JOGA, CALLANETICS EN PILATUS.

DI EN DO 8-9 VM IN RAASBLAAR

R.200 PM.

ANSIE 082 711 4510



Bulbinella

Die salf wat vir alles help, bv:

Dag- en nagroom
Ekseem
Growwe, droë jeukerige vel
Insek- en spinnekopbyte
Brandwonde
Oop wonde
Growwe hakke
Sonbrand
Snye
Voorkoming & beheer van bedseere
Skeer- en luiuitslag

R110 vir 100 g
R300 vir 500 g



Vir meer inligting kontak
Erna Ruthven @ 082 521 3275
of besoek www.dianas.co.za

Kranspoort se mense en hulle dinge.....

Vraag: Waarmee hou jy jou besig gedurende hierdie tydperk van inperking?

Lood " Ek is besig met n projek vir Johan Botha se skoondogter om uit hout modelle te maak vir haar bediening met hawelose kinders. Ek gaan die ark en die walvis en die stal en krip doen en ook probeer om Dawid en Goliat te maak"

Annelize " Ek bou legkaarte, lees, bak koek, skrop en maak skoon en pak kaste reg en Andre doen herstelwerk aan die balkon"


Retha " Ons is nog nie lank op Kranspoort nie en gaan voort met ons normale take soos tuinwerk en naaldwerk"

Renier " Ek is nog elektronies verbind aan enkele myne o.a ook in Zambië waar ek hulle nog steeds kan adviseer t.o.v ventilasie en verder hou ek my besig met huistake. Ek is nog net hier vanaf einde verlede jaar en baie dankbaar dat ek my inperking op Kranspoort kan hê"



Lood deel ook met ons voorbeelde van sy projekte

Geveerde Vriende



Geveerde Vriende werk saam, elkeen so op sy eie.....

deur Miemie Snyman

Die Kranspoort Geveerde Vriende, is 'n groep Kranspoorters met 'n groot liefde vir voëls en voëlkyk. Die groep het tweemaandeliks formele byeenkomste waartydens hulle tegnieke, omgewings vir voëlkyk en observasies bespreek, of gesamentlik gaan voëlkyk.

Ons volgende byeenkoms sou 27 Maart wees en die belowe om 'n opwindende dag van voëlkyk, kuier en braai te wees. Met die nasionale tydperk van afsondering het ons egter besluit om dit af te stel.

Een lid stel toe voor dat almal in hulle tuine sit en voëls kyk. Van sesuur tot tienuur was almal gewapen met koffie en beskuit en verkyker en voëlgids. Meer as twintig lede het uit hul tuine in Witbank, Middelburg, Pretoria en Kranspoort deelgeneem.

Deurentyd is daar prettige boodskappe en fotos tussen mekaar gestuur. Teen afsnytyd is die lys na 'n sentrale punt gestuur. Die totale getal vir die dag was 71 spesies wat waargeneem en akkuraat geïdentifiseer is.

Die meeste het toe hul vuurtjies aangesteek vir 'n laat braaiontbyt. Sodoende het ons virtueel saam gekuier. Wat 'n belewenis!

Daar word nou 'n plakkaat saamgestel om hierdie geskiedkundige dag te herdenk. Kyk uit vir ons volgende byeenkoms en as jy lid wil word kontak vir Elsie by 083 236 5547 of Miemie by 082 457 0762

FOURIE BOU EN ONDERHOUD

CIPC REGISTRATION: 2019/199398/07

- Bouwerk
- Motorafdakke
- Plaveisel
- Teëlwerk
- Aanbouings
- Betonvloere
- Onderhoud
- Houtheinings

079 500 1741 KOBUS FOURIE



Kampvuurstories



Die Volla-Vakansie deur Johan Botha

'n Kampstorie van oupa soos opgedra aan die kleinkinders wat deesdae in groot gemak en baie gerief kamp. En net vir ingeval julle die storie nie glo nie, hier is kampfoto's van daardie vakansie van die Volla, ma en ons kinders -Johan Botha

Eendag lank gelede, bykans 55 jaar terug, maak ma ons een donkernag wakker.

"Kom, kom, opstaan. Ons gaan see toe"

So begin 'n gesinsvakansie wat ek tot vandag in klein besonderhede onthou.

Pa, (dis nou die kleinkinders se oupagrootjie) was 'n jong boer, cum onderwyser. Vroegoggend boer, daarna eenmanskool-onderwyser vir sub A tot stander 5 by 'n plaasskooltjie oorkant Serfontein Spoorwegstasie, en smiddae tot laataand weer boer. Ploegtyd het die trekkers deurnag gewerk. Tussendeur het pa-hulle nog nagraads studeer ook.

Aprilmaande is daar so tussen skoolhou en die boerdery soms 'n kortstondige paar dae vir wegbreek. Pa was eintlik 'n hoëronderwys wiskunde- en wetenskaponderwyser, maar met oupa se skielike siekte is ons vroeg plaas toe. Die skoalsalaris moes help om die wa deur die drif te trek.

Pa was baie innoverend, maar soms ook baie impulsief. Die dat ons daardie oggend wakker gemaak word met die nuus van 'n seevakansie sonder dat ons die vorige aand met slaaptyd daarvan geweet het. Hy en ma het nadat ons gaan slaap het besluit dis tyd vir wegbreek. Die nuwe 1961 Volkswagen 1300 kewer is stilletjies in die donker gepak en padkos gemaak. So val ons toe in die pad vanaf Rooiwal (êrens tussen Koppies en Kroonstad) na Cintsastrand naby Oos-Londen. Ma, met 'n paar silwerstukke in haar beursie en pa, tot my groot onsteltnis, met my skool-poskantoorseëlsparboekie in sy hemsak.

My boekie, waarin ek getrou elke Maandag by die skool 5c se 1c-possesels geplak het. Ek het net 1c-seëls gekoop, want dan het jy meer seëls gekry om te plak. Soms het pa sommer 'n 5c- of 10c seël uit sy eie sak bygesit. Ja, hy was ook my 'meneer' op skool. Ek het toe al drie jaar aan daardie boekie gespaar. Die eerste paar bladsye was nog met 1 pennie seëls geplak toe ons nog 'n Unie was.

So is ons die oggend dou-voor-dag daar weg. Omtrent R50 se posesels in my spaarboekie met 'n belofte dat dit weer eendag vervang sal word en 'n Volla wat se wiele so uitskop kante toe van vragvat. By ma se voete die dag se padkos, boepens strandsak, kamera en haar handsak. By ons drie kinders agter se voete 'n groot groen opgerolde seil en komberse vir elkeen. Agter die rugleuning in die 'diekkie' kom 'n gasbottel, gasstofie, kartondoos met kos en eetgerei, 3x driehoek kastrolletjies en kussings. Voor in die neuskas ('n kattebak sit mos agter), ons skuinstasse met die nodige klere, toue, sonsambreel en ander vakansiegoete.

As mens wintie was, het jy vir jou Volla 'n stel skuinstasse gekoop wat presies onder die voorkap gepas het en so skuins en kleiner afgeloop het soos die neuskap se deksel. Die klein voortassie was ma se badkamertassie met al die mooimaak goed, sonbrandsmeer middels en daaglikse medikasies vir die gesin. Die noodwiel wat regop voorin staan, het net agter die 'rim' se holte plek gehad vir 'n melkkannetjie en waterbottel, 'n sakkie moersleutels en 'n watertang. Binne-in die noodwiel se velling natuurlik die onontbeerlike spaar waaierband, ekstra gloeilampies vir die hoofligte, vonkproppe en 'n boksie smeltdrade. Geen gesoute Volkswageneienaar sou sonder 'n ekstra waaierband die langpad aandurf nie. Pa het eenkeer vergeet om die spaar band te vervang en moes ma haar sykouse in plek daarvan langs die pad opoffer.

Ligdag buite Bloemfontein eet ons ontbyt langs die pad en wag vir die poskantoor om oop te maak. Die petroliggie brand al lank en pa sou al die geld uit my spaarboekie trek. Ons ry al hoe lank op regeringspetrol, soos pa sou sê. Dit is om die koppelaar teen die afdraendes in te trap en die enjin tot onder vry te laat loop.

Ontbyt langs die pad by wit tafeltjies en stoeltjies onder 'n Vrystaatse populier- of wilgeboom. Dis mos vakansie! Mense wat jaloers verby ry werk toe of plaasboere oppad dorp toe en waai en toeter druk. Gekookte hoendereiers, braaiwors en frikadelle, driehoek toebroodjies, fyngekapte biltong, ekstrasoet moerkoffie.

Die pad Oos-Londen toe is lank. Ons speel karretjie-krieket, sing FAK liedjies, tel windpomp langs die pad, slaap stuk-stuk en baklei tussen-in oor wie sit oor die merk. Daardie onsigbare streep wat elkeen se plek op die sitplek afbaken. Ek is die oudste en verdien dus meer plek omdat ek die grootste is. Ons is net drie en pas darem nog gemaklik in.

Net voor donker kom ons op Cintsa aan. Die kampkantoor is al toe. Pa soek die bestuurder op en ons verken opgewonde die omgewing. Drie plaaskinders wat heeldag vasgehok moes sit het baie energie. Na 'n ruk kom pa en die bestuurder aangestap. Laasgenoemde al armswaaiend en baie ontevrede en pa met 'n breë grynslag op sy gesig. Ma se gesig weer die ene bekommernis. So het ons hom oor die jare leer ken; baie oordrendend en nie een wat 'n debat verloor of 'nee' vir 'n antwoord vat nie.

"As die meneer-hulle dan nie in 'n tent gaan kamp nie, moet hulle in 'n rondawel bly" redeneer die bestuurder. Pa reken weer daar is min verskil tussen 'n seil span en daaronder tuisgaan of om in 'n tent te bly. Uiteindelik kry ons staanplek op die gras agter die verste rondawel wat nog in aanbou is.

Die groen seil word aan die een kant onderdak aan die dakbalke vasgemaak en oor die kewer aan die verste kant vasgetrek.

Die Volla se twee voorste sitplekke word uitgehaal. Lekker gemaklike kampsitplekke vir pa en ma. Ons drie kinders sit sommer op die gras. Die sonsambreel word onder die seil staangemaak en druk sodoende die seil omhoog vir genoeg kopsapie. Bedags gaan die saam strand toe. Wasgoed word sommer ook so aan die sambreel opgehang. Die gasstofie kry staanplek onderdak en die kosboks en potte word nader getrek en staan gemaak.

Vir die volgende tien dae word die seil afdak ons sit-, eet- en kuierplek. As daar gery moet word, word die tenttoue net skietgegee en die Volla gly onder die seil uit. Gelukkig het die kampwinkeltjie die mees basiese in voorraad.

Ablusie is nie 'n probleem nie want almal in die kamp gebruik die gemeenskaplike geriewe.

Slaaptyd! Eerste aand.

Ek slaap voor op die vloer aan die bestuurderskant met my voete tussen die pedale. Die voorste sitplekke is mos uit. Pa slaap voor op die vloer aan die passasierskant. Hy lyk vir my maar ongemaklik. Ma slaap met opgetrekte bene op die agterste sitplek en kleinboet lekker lankuit in die gat(diekkie) agter die agterste rugleuning. Elkeen met hul eie komberse en kussing. Salige, soete slaap.

Kampvuurstories (vervolg)

Die Volla-vakansie (vervolg)

En sussie? Pa was altyd 'n man met 'n plan. 'n Los seiltjie word aan die vier hoeke met toue weerskante deur die vensters oor die dak na binne opgetrek tot amper teen die dakvoering. Sussie kry 'n heerlike hangmat, met haar eie dakliggie op die kooptoe.

Na 'n aand of twee besluit pa dis gemakliker vir almal as hy buite slaap en ek gradeer op na die passasierskant. So kan ma snags ook makliker opstaan om badkamer toe te gaan deur die bestuurder se deur. Ek kon nooit verstaan hoekom grootmense in die nag moet opstaan nie, hulle is dan groot.

Dit word 'n vakansie om te onthou. Ons bring sonnige dae op die wit strande deur. Soggens glip ons net deur 'n 'geheime' tonnelpaadje deur die bos oor die sandduin en is ons op die strand. Bruingeband gly ons met kartondose teen die hoë sandduine af en ry lyfplank in skuimende wit branders. Pa en ma bou saam met ons sandkastele en ons speel strandbal en voetbal tot ons pootuit bly lê.

Soggens vroeg maak die oom van die kamp by ons 'n draai om te hoor of alles reg is. Saans kuier hy en pa kopstukke om die kampvuur. Die ander kampeerders kom loer ook kort-kort om die hoek en so raak ons die plaaslike 'celebrities', of so het ek my altyd verbeel.

Saans braai ons vis wat ander vissermanne vir ons aandra. Pa-hulle het maklik vriende gemaak en ons het reeds al die ander kinders in die kamp geken.

Hier teen dag tien begin dit reën soos dit net teen die Oos-Kaapse kus kan reën. Dag en nag reën dit. Daar is meer water op die gras onder die seil as daarbuite want ons staan in 'n holte. Dis koud! Pa slaap ook nie meer buite nie.

Die oom wil hê ons moet na 'n rondawel oorskuif maar die seëlboekie se oorblywende geld gaan ons beswaarlik terug by die huis kry. Daardie dag skuif ons onderdak op na die rondawel se stoepie met die hoop dat dit gaan ophou reën. Dit sliert vaal oor die bulte en raak nog kouer. Sussie het maar kleintyd met die gesondheid gesukkel en begin erg hoes. Ma se stropies en geduld is ook op.

Vroeg die oggend op dag veertien pak ons die nat seil en ander goed in die Volla. Die oom bring 'n pak toebroodjies van die huis af vir die lang pad noorde toe en ma maak 'n fles koffie. Gelukkig het 'n kewer 'n oordrewe lugverwarmer en gou-gou wasem ons knus die ruite toe.

Dis lankal donker toe pa die laaste 50c-stuk se brandstof op Kroonstad ingooi vir die oorblywende uur se grondpad plaastoe. Hasies hardloop dronk-dom in die pad en af-en-toe blink 'n jakkels se oog in die flou motorlig.

Ai, dit was nou 'n vakansie om te onthou!

Onlangs besoek ons weer Cintsstrand. Ek herken dit glad nie meer nie. Alles is toegebou.

Uit Piet se pen....(vervolg)

Die dierevrektes het baie afgeneem namate die satansbos indringerplant in die rooi areas verwyder is.

Die aanwas van ons diere was besonder goed hierdie jaar en talle jong diere is oral sigbaar. Alzu wildsblokke word van tyd tot tyd uitgesit wat help met mineraal aanvulling en bekamping van bosluise.

David vd Walt van ons wild en omgewingsportefeuje rapporteer dat hy gereeld die hele gholfarea deurgaen om seker te maak alles loop reg met ons diere in daardie area.

Ons hou die toestand van die veld mooi dop en sal vroegetydig voer aankoop wanneer nodig.

Geen inbrake of misdaad is die afgeope tyd in Kranspoort gerapporteer nie.

Ons het goeie reën gehad en die veld is nog in goeie toestand vir die tyd van die jaar.

Ons heininginspeksie-eienaars aan wie spesiale permitte uitgereik is, is feitlik daaglik langs ons heining van ongeveer 14 km met inspeksies besig onder leiding van Deon Taljaard wat die werk met passievolle ywer hanteer. Swak plekke in die heining word gemerk en word dan daarna deur Kranspoortnoodwerkers reggemaak.

Ons gholfbaan se instandhouding word ook nie agterweë gelaat nie en Phil Hibbert vertel met trots dat die baan steeds in 'n puik toestand is, danksy daaglikse instandhouding deur homself en ons noodwerkers - Welgedaan Phil!!

Heffingsrekenings is ook die afgelope week uitgestuur. Ons het almal se bydraes nodig om die dorp glad te laat verloop.

Stuur asb u Lidmaatskapaansoekooreenkoms aan Kranspoort@ctecg.co.za as u 'n tydjie kry om voor u rekenaar te wees. Vir enige verdere inligting of navrae daarvoor kontak my (Piet Valks) asb 083 413 6381.

Piet Valks
Voorsitter Kranspoort Eienaarskomitee NPC

Red. Hierdie uittreksel uit die weeklikse Voorsittersverslag sal voortaan ook direk aan Eienaars, per elektroniese medium, gestuur word.

Geldsake (vervolg)

Die nuwe watertenk by die wateraanleg waarvoor daar 'n spesiale heffing goedgekeur was, is byna voltooi en reeds in bedryf. Spesiale heffings ontvang was R 440 873 en finale betaling uitstaande, sodra kontrakteur retensie werk voltooi is R 57 778.

Die vrywillige heffing vir sekuriteitsopgraderings was tot op datum

R 103 860 waarvan R 78 808 reeds spandeer is.

Inligting volgens Kranspoort Finansiëleverslag Februarie 2020.



Kranspoorters sê dankie

Ons sê dankie aan:

Piet Koerdyk en Eskomspan vir hul vinnige en vriendelike hulp met elektriese probleme

Johan Botha en die Opstoppers vir hul patrolliewerk

Hul wederhelftes wat tuis moet bly

Deon Taljaard en sy span wat die grensdrade inspekteer

KEK Direksie vir hul onbaatsugtige werk

Almal wat van Kranspoort 'n pragtige plek maak om in te woon.

Om John F Kennedy se woorde te gebruik:

Moenie vra wat Kranspoort vir my kan doen nie, maar wat kan ek vir Kranspoort doen.

Hester kry die laaste woord in....



Voorbladfoto

Hierdie wenfoto uit die Whatsapp fotogroep is geneem op Saterdag 21 Maart 2020. Ellen skryf: "Ons het die 4x4 roete gaan ry en op 'n trop zebbras afgekom. Een verwelkom ons in die middel van die pad en bly nuuskierig staan. Net iets interessant oor Zebbras. Elke streep van elke Zebra is uniek. Meeste Dierkundiges het gereken dat dit kamoeflering is, maar meer onlangse navorsing toon dat dit ook 'n effektiewe metode is om Tsetse vlieë te verwar."

Ellen de Jager.

Red. Baie geluk aan Ellen met hierdie pragtige foto. Fotografeer hou asseblief aan om hoë kwaliteit fotos te neem en op die fotogroep te plaas. So wengleentheid sal in elke uitgawe verskyn. Fokus asseblief nie net op diere nie, maar enige foto wat Kranspoort se prag en weelde uitbeeld.

“
TO DO IS TO BE - NIETSCHE
TO BE IS TO DO - KANT
DO BE DO BE DO - SINATRA
TO BE TO BE - SHALVA
”

Hoendergereg vir ses mense

- 1 Groterige heel hoender
- 1 pak sampioene gekap
- 2 Medium Uie gekap
- 1 Groen of rooi soetrissie (opsioneel)
- Sout & Peper na smaak
- 1 Pak aartappelskyfies van jou keuse
- 1 Koppie gerasperde kaas

Metode:

Vryf hoender goed in met sout en peper, asook geurmiddels na smaak. Kook tot baie sag, vlok met 'n vurk en verwyder al die bene. Hou eenkant. Braai nou uie en soetrissie tot net sag in bietjie olie en voeg sampioene by. Braai lekker deur, geur baie liggies indien nodig. Meng goed met hoender. Indien dit te souserig is, verdik effens met 'n bietjie wit uiesoppoeier.

Rol aartappelskyfies fyn in die pakkie met koekroller.

Giet helfte van hoendermengsel onder in oondbak en gooi helfte van fyngesnyde aartappelskyfies oor. Skep res van hoender oor en maak gelyk. Meng gerasperde kaas met res van aartappelskyfies en strooi bo-oor. Bak in voorverhitte oond op 180°C tot kaas gesmelt en goudbruin bo-op is. Dien op met rys en groenslaai. Geniet!!

Tuisgemaakte sousboontjies

- 1 Pakkie Spikkelbone (500g) (oornag geweek in koue water)
- ¼ Koppie suiker
- ¼ koppie bruin asyn
- Sout en peper na smaak

Metode:

Gooi water van boontjies af en spoel goed. Bedek met water en kook stadig in ½ teelepel sout en ½ teelepel swart peper tot heeltemal sag. Voeg asyn en suiker by en kook weer goed deur. Proe vir smaak en bottel warm. Eet eers die volgende dag.

Op 'n ligte noot.....

Piet vat sy familie af Kaap toe met vakansie. Klein Jannie loop vir Gatiepie van sy ouderdom op die strand raak. Jannie: "Ek sien jy is seker 'n "local" want jy het nie voortanne nie". Gatiepie merk Jannie se draadjies in sy tande op en antwoord: "Ja, en ek sien dji is seker van Gauteng?" "Ja ek is, hoe weet t?" vra Jannie.

"Want dji het "electric fence" in djou bek!"

PROJEK 1 ► HOE OM 'N DRIEPUNT-MUURPROP TE VERVANG

Jy benodig

Driepunt-muurprop, skerp mes en skroewedraaiers



Stap 1

Verwyder sowat 25mm van die koord se pastiekomhuls met 'n mes. Maak 'n sny van sowat 1mm diep in die omhulsel, maar moenie deur die gekleurde isolasie materiaal om die drie koperdraadjies sny nie.



Stap 2

Verwyder 6 mm van die gekleurde Isolasiemateriaal om elk van die drie koperdrade en rol dan die

koperdraadjies tussen jou vingers om hulle mooi saam te druk.



Stap 3

Draai die skroefies op elk van die koperpunte van die prop losser. Steek die geel-en-groen draad in die gaatjie in die koperpunt heel bo in die driehoek. Dis gewoonlik met 'n E vir Earth (aarddraad) gemerk. Draai die skroefie vas sodat die draad stewig sit. Steek die bruin draad in die onderste punt wat met 'n L vir Lewendig gemerk is en draai die skroefie stywer. Steek die blou draad in die laaste koperpunt wat met 'n N vir Neutraal gemerk is. Druk die koord deur die twee wit klampies voor jy die deksel opsit en dit vasskroef. **Onthou:**
Blou = neutraal (N)
Bruin = Lewendig (L)
Geel en groen = Aard (Earth)

Ma

deur Antjie Krog

Ma, ek skryf vir jou 'n gedig sonder fênsie leestekens sonder woorde wat rym sonder bywoorde
Net sommer
'n kaalvoet gedig-

Want jy maak my groot
in jou klein handjies
Jy beitel my met jou swart oë
en spits woorde
Jy draai jou leiklipkop
Jy lag en breek my tente op
maar jy offer my elke aand
vir jou Here God
Jou moesie-oor my enigste telefoon
Jou huis my enigste bybel
Jou naam my breekwater teen die lewe

Ek is so jammer mamma
dat ek nie is
wat ek graag vir jou wil wees nie.

Kranspoort Bulletin Redaksie

Redaksieleier: Wanda Underhay

wandaunderhay@gmail.com

Selfoon: 082 941 5051

Redaksielede:

Rentia Botha – 071 872 3145

Elsabe Strydom - 082 875 0378

Hester Hattingh – 066 270 7728

Proeflesers

Johan Botha

Magda van Brakel

Erna Ruthvin

Redaksie inligting

Die Redaksie nooi lesers om ons te kontak met enige nuuswaardige inligting, idees of indien u sou belangstel om vir ons artikels of 'n rubriek te skryf, of sommer net lekkerlees items en foto's te deel.

Advertensies kan geplaas word teen R100, sluitingsdatum sal per whatsapp-groep bekendgemaak word.